Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 30 Maart 1949 Prys 3d. No. 19

## Addis-Ababa Rooi Hoofstad Van Afrika

**Volgens goed ingeligte kringe in Midde-Europa is daar alle rede om te glo dat die Kommuniste daadwerklike pogings aanwend om Abessinië in 'n kommunistiese basis om te skep vanwaar 'n veldtog geloods sal word om propaganda na Kenia, Uganda en ander gebiede in Midde-Afrika te versprei. In Addis-Ababa word tans ook 'n kommunistiese blad gedruk.**

# Alle Lede Moet Volwaardig Wees: A.P.-Verklaring

**Die versekering dat die Afrikanerparty gewillig is om met alle Afrikaner-organisasies en partye saam te werk op die grondslag van wyle genl. Hertzog se beleid, met die verstandhouding dat sy identiteit erken en al sy lede as volwaardige lede aanvaar sal word, is vervat in 'n verklaring wat deur die hoofsekretaris van die Afrikanerparty, mnr. J. H. Richter, namens die Dagbestuur uitgereik is. Dit lui:**

Na aanleiding van die oproep van die Afrikanerparty aan alle lede van die party om voort te gaan met die kragdadige uitbouing van die party wil ek hiermee namens die dagbestuur en saam met duisende Afrikaners die oortuiging uitspreek dat die Afrikanerparty en sy vertroude Leier 'n beslissende taak te vervul het in die moeilike jare wat voorlê. Die dagbestuur is innig dankbaar dat hy die Afrikanervolk kan verseker van sy onbegrensde vertroue in die Leier, minister N. C. Havenga, om hierdie taak suksesvol deur te voer. Ons wil derhalwe by herhaling die Afrikanerparty se gewilligheid beklemtoon om saam te werk met alle Afrikaners uit alle volklae, Afrikaans of Engelssprekend, en met alle Afrikaner-organisasies of partye wat dit met die party eens is oor daardie fundamentele beginsels wat wyle generaal Hertzog se erfenis aan die Afrikanervolk is, sodanige samewerking te geskied met behoud van die party se identiteit, met erkenning van die party se bestaansreg en met aanvaarding van die party se lede as volwaardige bondgenote. Ons wil dan ook hiermee 'n hartlike uitnodiging rig aan alle goedgesinde Afrikaners, afgesien van die taal wat hulle praat, om aan te sluit by die Afrikanerparty. Diegene by wie die saak erns is en wat glo dat daardie fundamentele beginsels soos neergelê deur generaal Hertzog, erkenning moet geniet in die landsbeleid, mag nie langer afsydig staan nie. Sluit aan by die Afrikanerparty en help ons om die hande van ons Leier, meneer N. C. Havenga, te sterk.

Ons wil ook hiermee ons opregte waardering uitspreek aan die talle vriende wat bygedra het tot die organisasiefonds van die Afrikanerparty. Groot vordering is reeds gemaak, maar geweldig veel moet nog verrig word. Ons rig dan ook 'n dringende versoek nie alleen aan alle verantwoordelike besture nie, maar aan elke lid van die party sowel as goedgesindes om ons organisasiefonds met alle krag te steun. Ons taak kan alleen volbring word indien elkeen sy plig doen. Partykantore is reeds geopen by die volgende adresse: Posbus 668, Bloemfontein, O.V.S., Sanlamgebou 6, Cradock, K.P., Groote Kerkgebou 705, Kaapstad. Belanghebbendes word versoek om met die naaste kantoor in aanraking te kom of direk te skakel met die Uniale hoofkantoor, P.F.A.C.-gebou 507, De Villiersstraat 15, Johannesburg (Posbus 8262, Johannesburg).

# Kan Londen Republiek Uit Yskas Haal?

**Die aankondiging dat dr. Malan besluit het om gedurende April na Londen te gaan vir die bywoning van 'n Statebondskonferensie het allerlei gissings en verwagtings by lede van die publiek laat ontstaan. Die weiering van die Eerste Minister verlede jaar in Oktober om die konferensie by te woon is in sommige kringe as 'n kwessie van beleid vertolk wat spruit uit vroeëre kongresbesluite van die Nasionale Party om sy eerste minister nooit toe te laat om na Londen te gaan nie. Hierdie besluit was geneem in die dae toe daar nog heelwat opgewondenheid en wantroue bestaan het teenoor Suid-Afrikaners wat in Londen gaan „sykouse aantrek". Hoewel die Britse regering baie spyt was oor die wegbly van dr. Malan, was dit nietemin duidelik dat die konferensie ietwat ongeleë vir dr. Malan op daardie tydstip was.**

Die Burger beklemtoon trouens in 'n hoofartikel weereens die feit dat dr. Malan se teenwoordigheid hier van baie groot belang is, maar juis dit lei hom tot die gevolgtrekking dat die konferensie in Londen vir Suid-Afrika van buitengewone betekenis moet wees, „van so 'n groot betekenis dat die Eerste Minister dit in eie persoon wil bywoon" en geeneen van sy „baie knap" kabinetsministers wil afvaardig nie.

'n Verdere feit wat groot verwagtings aan die gang sit is dat die besluit van die Eerste Minister spruit uit 'n vertroulike samespreking met 'n persoonlike afgesant van die Britse eerste minister.

### GEHEIM

Die sake wat bespreek sal word, het dr. Malan verklaar, kan om oorwegings van openbare belang nie bekend gemaak word op hierdie stadium nie. In die Engelse pers is egter gepraat van ryksverdediging, kommunisme en die kwessie van Indië en Ierland se status.

Die Indiese eerste minister, Pandit Nehru, het 'n paar weke gelede baie beslis verklaar dat Indië binne 'n paar maande 'n republiek sal word ooreenkomstig besluit van die Indiese Kongres. Ierland sal in April kragtens 'n wet wat klaar aangeneem is, die bande met die Britse kroon deurhaak. In albei gevalle word daar van Britse kant gehoop, en is dit van die ander kant ook te kenne gegee, dat daar ten spyte van die status-veranderings nog samewerking met die Britse statebond sal wees ten opsigte van sake van gemeenskaplike belang. Die Britse regering is besonder gretig om so 'n samewerking nie op losse voet te hou nie, maar dit vas te lê in die een of ander formule wat die eenheid van die Ryk sal bestendig.

### WAT VAN S.A.?

Indien so 'n formule wat voorsiening maak vir selfstandige republieke binne die Statebond, opgestel word, kom die vraag op watter houding dr. Malan in so 'n geval sal inneem. Gaan hy by die formulering net die pad probeer oophou vir Suid-Afrika om later te volg in die voetspore van Ierland en Indië „wanneer die tyd daarvoor ryp is", of gaan hy poog om 'n algemene verandering van status vir die dominiums te verkry wat onmiddellik deur wetgewing in die Unie-parlement bekragtig kan word? Met ander woorde, gaan dr. Malan aanstaande maand terugkeer met „verhoogde status" vir die Unie, soos genl. Hertzog in 1926?

### „GEBONDE"

Daar word op gewys dat dr. Malan by wyse van verkiesingsbelofte verlede jaar, gebonde is om vir die vyf jaar van die huidige parlement die republiek in die yskas te hou. Hou dit ook in, so word gevra, dat hy teenoor die Engelssprende bevolking van die land erewoordelik gebonde is om nie in Londen te ywer vir 'n republikeinse „status" vir die Unie nie? Verder kan hierdie belofte as vervalle beskou word indien die Londense regering met instemming van die res van die Statebond hom wel ten gunste van republieke binne die Ryk uitspreek? Sal die Empiregesindes in die Unie genoeë neem met so 'n Londense besluit?

### „PAPIER-STATUS"

Waarnemers meen dat dr. Malan hoogstens 'n papier-status sal kan saambring wat op sy vroegste eers ná beëindiging van die huidige parlement oor vier jaar prakties toegepas sal kan word. Die rede vir hierdie mening is dat dit twyfelagtig is of die Verenigde Party sy goedkeuring aan so 'n stap sal heg omdat die party sal wil aanneem dat die Londense formule noodgedwonge geneem is terwille van die Indiese en Ierse „rebelle", en dat Londen in elk geval nog van elke Brit verwag om sy plig te doen. Verder is dr. Malan aan sy partykonstitusie gebonde wat bepaal dat 'n republiek nie uitgeroep sal word voordat die volk regstreeks sy mening daaroor uitgespreek het nie.

Oor die moontlikhede van 'n gemeenskaplike optrede teen die kommunistiese gevaar, heers daar groter optimisme in nasionale kringe. 'n Gesamentlike besluit in Londen, kan die uitwerking hê dat die vraagstuk hier buite die partypolitiek gelig kan word sodat die blankes binne die Unie 'n gemeenskaplike front sal vorm in die bestryding daarvan.

In sover Ryksverdediging net betrekking het op 'n oorlog teen Rusland, word gevoel, dat ook dit geen strydvraag in die Unie behoort te veroorsaak nie.

## Burgemeester Belet Vergadering

**Die stadsraad van Durban het die afgelope naweek die voortou geneem en op hul eie risiko 'n vergadering van die Kommunistiese Party belet.**

Die vergadering sou Saterdag plaasvind op Nicholplein maar die waarnemende burgemeester, mnr. K. J. Clarke, het op gesag van die munisipaliteit die vergadering belet omdat hy dit nie raadsaam ag het dat 'n vergadering op hierdie stadium gehou word terwyl die gevoelens oor die onlangse onluste nog nie bedaar het nie. Hy het die polisie van sy optrede in kennis gestel.

## Te Sterk Om Te Sterf

**Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, het die volgende gerusstelling uitgereik:**

**Blykens die vyandelike pers word erg gespekuleer met die dood van die O.B.; lanklaas het aasvoëls so gestaan en reikhals na die dood van die arend. En lanklaas was 'n arend so taai!**

**Om vrugtelose wensdenkery te beëindig, kan met gesag gesê word: Die O.B. dink nie eens aan ontbinding nie, veral nie na hy so ewe deurslaggewend kragbewus geword het nie.**

## Sesde L.V. Oorlede

Nog 'n tussenverkiesing sal moet plaasvind vanweë die dood van wyle mnr. J. L. Brill, H.N.P.-lid vir Mayfair, wat Sondag verdrink het.

Deur die dood van mnr. Brill het die volksraad binne tien maande ses van sy lede deur die dood verloor. Vier was Randse lede. Die lede wat oorlede is, is adv. R. W. Bowen, mnr. P. J. Roos, mnr. J. H. Hofmeyr, mnr. H. A. Johnston en mnr. T. P. Gray.

Slegs twee van die vakatures is reeds gevul en dit beteken dat daar in vyf kiesafdelings, saam met die bedanking van mnr. K. Roodt, tussenverkiesings moet plaasvind. Hulle is Johannesburg-Noord, Port Elizabeth-Noord, Kensington, Vereeniging en Mayfair.

Die tussenverkiesing in Johannesburg-Noord en Vereeniging vind plaas op 18 Mei. Die datums van die ander is nog nie bepaal nie.

# A.P. Vra Takke Om Te Organiseer

**Mnr. Harm Oost, L.V., Uniale voorsitter van die Afrikanerparty, het namens die Dagbestuur van die Party onderstaande verklaring aan die pers uitgereik:**

Die Dagbestuur van die Afrikanerparty, vergader te Kaapstad op 23 Maart 1949, spreek sy dank uit aan alle bestuurs- en partylede wat in die jongste provinsiale verkiesing so 'n onaanvegbare houding ingeneem het en daardeur opnuut getoon het dat die Afrikanerdom nie in onderlinge verdeling sy mag voluit kan ontplooi nie.

Hy dank veral ook diegene wat van kandidaatskap teruggetrek het om tweedrag te vermy.

Afgesien van wat in die verlede gebeur het, sal die Party hom nog steeds beywer vir die samewerking tussen alle dele van die blanke bevolking onder die leuse „Suid-Afrika Eerste."

Die beginsels en die doel van die Party is welbekend en bly onveranderd bestaan in sy strewe om op die grondslag van wedersydse erkenning van mekaar se waarde en krag die toekoms van die land en sy bevolking te verseker op die pad deur genl. Hertzog aangewys.

### LEIER

Die Dagbestuur wens, ook namens die Party, teenoor die Leier van die Party sy erkentlikheid en dankbaarheid uit te spreek vir die onwrikbare standpunt wat hy ingeneem het en nog handhaaf, sonder inagneming van eie baat of van voordeel vir die Party as sodanig.

Aan alle lede van die Party, en veral aan alle hoofbestuurslede en voorsitters en sekretarisse van besture, word hiermee die versoek en opdrag gerig om sonder versuim en sonder om ag te slaan op verwarrende gerugte, rondgestrooi met eie bedoelings, voort te gaan met die kragdadige opbouing en uitbreiding van die Party.

# NUWE VELDTOG TEEN O.B. KAN GEEN INDRUK MAAK

**Die H.N.P.-pers het die afgelope tyd berigte omtrent „bedankings" van O.B.-lede gepubliseer, en op die Paarl het 'n verslaande kandidaat van die party selfs uit sy pad gegaan om „41 O.B.-lede" wat op Franschhoek sou bedank het, en „'n twintigtal" „O.B.-lede" van die Paarl wat sou bedank het, te verwelkom.**

Die doel van hierdie „bedankings-veldtog" is duidelik: **O.B.-lede wat na agt jaar se lankmoedigheid nou vir die eerste maal vasgetrap het om Afrikaner-samewerking af te dwing by die stembus waar dit met mooipraat en toegewings oor sewe jaar nie bereik kon word nie, moet nou moedeloos gemaak word. Hulle moet glo dat die organisasie waaraan hulle behoort, besig is om weg te smelt.**

Soos verlede week in Die O.B. gepubliseer — vir elkeen om te sien en te ontken met bewyse, as hy dit het — bestaan die 41 O.B.-lede wat in Franschhoek bedank het, uit 41 getikte name van wie sommige sedert 1942 nie meer lid van die O.B. was nie, terwyl ander, wie se name op die lys verskyn, aan hul offisiere gesê het dat hulle nie bedank het of ooit voornemens was om te bedank nie.

**Dit is maar een voorbeeld van die taktiek wat gevolg word. In 1941 is die name van die bedankers darem nog gepubliseer. Hierdie keer word daar net gepraat van „41" of „'n twintigtal" sonder dat iemand in staat is om die juistheid van so 'n berig te kontroleer.** In Franschhoek was die O.B.-kommandant gelukkig genoeg om so 'n lys in hande te kry. Daaruit blyk dat ons hier vir 'n groot deel te doen het met kroniese bedankers wat graag die geleentheid te baat neem om hul name weer 'n keer in die koerant te sien — tot sover egter nog tevergeefs, hulle word net getel, en dien dus min of meer die doel van die ryperd van die man wat sewentien perde onewëredig tussen drie seuns moes verdeel het. Hy is net bygejaag om die getal op 'n ronde, deelbare syfer te kry.

### O.B. SE HOUDING

Die man en vrou wat trou staan en nie bereid is om hul eed te verruil vir die lensiesop van 'n party wat die O.B. wil vernietig nie, sal sulke „bedankings" bejeën met onverskilligheid of minagting, na gelang van die betrokke temperament. **Omdat elke bewuste O.B.-lid presies weet wat die oogmerk van daardie O.B.-lede was wat buite stemming gebly het — al het hulle self nie kans gesien om dieselfde te doen nie — is daar geen gevaar dat hierdie mense beïnvloed kan word deur die nuwe syfer-veldtog nie. Hulle weet wat die O.B. se houding was:**

Sedert 1941, by elke verkiesing en elke tussenverkiesing, het ons die hand van vriendskap na die H.N.P.-leiding uitgesteek. **Elke keer is dit met minagting van die hand gewys. „Die O.B.'s sal tog vir ons stem, al vervolg ons hulle," was die hooghartige gedagtegang.** In Mei-maand verlede jaar het 'n dertigveertigtal H.N.P.-kandidate wat stemme nodig gehad het, hul erewoord gegee dat hulle ons hand gaan neem en hulle voortaan publiek gaan beywer teen diskriminasie. **Geen waarneembare protes van hul kant het gekom toe die H.N.P.-leiding met die afgelope verkiesing vir die soveelste maal gediskrimineer het teen O.B.-lede binne die Afrikanerparty nie. Die gegewe woord is nie nagekom nie.**

### WAT HULLE WOU HÊ

**Met die afgelope provinsiale verkiesing was dit die eerstemaal dat die O.B. die stap gedoen het waartoe die H.N.P.-leiding al sedert 1941 dwing — ons het hulle laat baklei soos hulle wou baklei, naamlik sonder die O.B. Hulle het elf lelike klappe gekry en in bykans elke setel het hul stemmetal aansienlik gedaal. Of hulle dit sal kan bekostig om in die moeilike tye wat voorlê met hierdie stemmedaling oor die weg te kom, is 'n feit waarvan toekomstige samewerking afhang.** In elk geval het die O.B. met die afgelope verkiesing getoon dat hy 'n selfstandige faktor is, al was ons altyd bereid om hierdie faktor in te skakel by die H.N.P. se stryd. **Ons het nou bewus geword van ons selfstandigheid en volgende keer sal ons met heel meer vrymoedigheid kan handel. Indien die H.N.P.-leiding die sotte stryd wil staak, dan weet elkeen by voorbaat waar ons staan; wil hulle voortgaan daarmee, kan dit volgende keer besmoontlik meer as elf klappe wees.**

### AANVAAR DIT

Dat hulle „bedankings" en ander soort propaganda teen ons gaan gebruik, neem ons aan, en ons is sekerlik nie bereid om op elke beweerde geval te reageer nie — **veral nie waar dit 'n geskorste is wat „bedank" of een wat sedert die laaste jaar of agt al in die geledere van ons onderdrukkers staan nie.**

As daarop gelet word met hoeveel ywer H.N.P.-blaaie tydens die afgelope verkiesing die name van elke O.B.-lid gepubliseer het wat wou gaan stem, en hoeveel name wel gepubliseer is, kan die O.B. met gerustheid die stofstorm van „bedankings" afwag wat in die H.N.P.pers opgeskop word. **Bo alles staan die feit dat die H.N.P. op sy eie bene by die afgelope verkiesing 33,000 minder stemme gekry het as wat die anti-Smutskombinasie op 26 Mei gekry het, ten spyte van die feit dat daar tienduisende meer kiesers op die lys was as 'n jaar gelede.**

**Aan hierdie feit egter kan berigte oor bedankings niks verander nie. Die feit self kan egter wel die weerspannigheid van die H.N.P.-leiding verander — mits O.B.-lede dit behoorlik tuis wil bring in die kringe wat daarmee rekening moet hou.**

## Nie Offisier Of Lid

Genl. P. W. Buys, stafhoof van die Sentrale Hoofkwartier, Pretoria, wens bekend te maak dat mnr. C. F. Preller van Parys, O.V.S., nie 'n offisier van die Ossewabrandwag is nie en ook nie 'n lid nie.


## KINDERVREUGDE



*Moedertjie, kom kyk! Nuwe skoene uit Suid-Afrika.*

**Gelukkige mens wat verantwoordelik is vir hierdie vreugde. Dit kan u deel wees. Bring vreugde in die hart van 'n kind en geluk in u eie lewe deur 'n bydrae vir die nood in Duitsland. Moenie uitstel nie. Stuur u bydrae aan:**

# DAHA

**Hoopstraat 105b, Kaapstad.**
**Bloedstraat 164, Pretoria.**
**Hippo-gebou, Producestraat, Port Elizabeth.**
**Noodlenigingskomitee, Aliwalstraat 20, Bloemfontein.**
**Windhoek, Posbus 831.**

## HELP ONS OM TE HELP


## Groot Spioenasie Vermoed In V.S.A.

Die Komitee wat ondersoek instel na die bedrywigheid van die Kommuniste in Amerika, het verklaar dat duisende Russiese agente en duisende Amerikaners tans spioenasiewerk in Amerika doen. Sommige van hierdie spioene mag verbonde wees aan die Russiese ambassade of aan die Russiese sending by die V.V.O., is verklaar.

# „SUIDWES SE N.P. DISKRIMINEER NIE TEEN O.B.-LEDE" LUI VERKLARING

**Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika het verlede week sy standpunt ten opsigte van O.B.-lede openbaar gemaak by wyse van 'n verklaring in die pers. Daarin word verklaar dat daar in die gebied geen diskriminerende beleid teenoor nie-partypolitieke organisasies bestaan nie. O.B.-lede het alle regte binne die party, nie net ten opsigte van lidmaatskap nie, maar ook van kandidaatskap.**

**Die verklaring, wat namens die hoofbestuur onderteken is deur die voorsitter, dr. H. J. Steyn, en die sekretaris, mnr. A. H. du Plessis, L.W.V., lui as volg:**

In die openbare pers het sekere berigte verskyn waardeur te kenne gegee word dat die Nasionale Party van Suidwes-Afrika sou diskrimineer teen ondersteuners of lede van ander Nasionaal-gesinde organisasies. Daar bestaan geen gronde vir hierdie bewerings nie, en die Party verklaar dat dergelike veronderstellings van enige waarheid ontbloot is.

Wat lidmaatskap en selfs enige posisies in die Party aanbetref is daar nog op geen wyse teen lede van sulke organisasies gediskrimineer nie. Van hulle word nie verwag om as lede van hul verenigings te bedank nie. Al wat verwag word, is dat hulle die beginsels van die Nasionale Party sal onderskryf. Op die huidige tydstip beklee vooraanstaande lede van die Ossewabrandwag byvoorbeeld belangrike posisies binne die Party en is die samewerking tussen hulle en ander lede van die Party baie hartlik. Die Party is tewens ook begerig dat hierdie verhouding gehandhaaf sal word.

Dit word egter duidelik gestel dat die Party uitgaan van die standpunt dat hierdie groepe in Suidwes-Afrika altans, geen politieke bewegings is nie, en dat hul lede as Nasionaliste in die Party opgeneem sal word. Die Party is gekant teen 'n handhawing van 'n groep binne die Party.

### KANDIDATE

**Wat betref die benoeming van kandidate is slegs lidmaatskap, lojaliteit teenoor die Party, en bekwaamheid ter sake wanneer die benoeming geskied.** Indien 'n ondersteuner van een van hierdie groepe 'n nominasie en 'n setel sou verower, sal daar slegs uitgegaan word van die standpunt dat hy dié Nasionale Party verteenwoordig en dat sy lidmaatskap aan 'n bepaalde organisasie hoegenaamd nie sy posisie in die Party raak nie, mits hy konsekwent dieselfde standpunt as die Nasionale Party huldig en handhaaf. **Solank as wat hy hom dus aan bogenoemde voorwaardes hou, sal hy ook nie uitgesluit word van enige koukus waaraan sy kollegas mag deelneem nie.**

## 'Soldate Sonder Gewere' Gaan Hou Re-unie

Gedurende die naweek van 8, 9 en 10 April vind daar 'n reunie van alle belangstellende oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes plaas op die plaas Bergkraal, 17 myl oos van Bloemfontein. Kameraad Frans van der Walt nooi nie alleen alle oud-gevangenes uit nie, maar ook elke O.B. man en vrou wat die kamp wil bywoon is baie welkom. Vir gaste wat ver kom en wat nie oor 'n tent beskik nie, sal tente verskaf word, maar daar word op gewys dat die aantal tente beperk is en dat alle persone wat moontlik kan, hulle eie tente moet saambring. Verder moet elke kampganger vir sy eie etes sorg. Daar word geen kampfooie betaal nie.

'n Baie aangename naweek word in die vooruitsig gestel. Behalwe die lekker vleisbraai sal daar gesamentlike sang en musiek wees en sal die gaste weer aangenaam kan sit en luister na die ondervindinge van die soldate wat sonder gewere rebellie gevoer het tydens die jongste oorlog. Elkeen behoort teenwoordig te wees.

Die Brandwagte van Bloemfontein tref reëlings om die kamp in groot getalle by te woon. Bergkraal, die plaas van komdt. Gideon Richter, is 'n uitstekende kampplek en meer as een Vrystaatse Offisierslaertrek is al daar gehou en dit sal ook die tweede saamtrek van sy soort wees. Die President van die B.O.G.—P.G., dr. Graff, sal spesiaal van Pretoria kom om die kamp by te woon.—(KOR.)

# Parade Nog Oop Vir Rooi L.V.

**Hoewel die Minister van Justisie ses vergaderings van die Kommunistiese L.V., mnr. Sam Kahn, aan die Rand verbied het, is hy die afgelope week toegelaat om 'n vergadering op die Kaapstadse Parade te hou waar hy protes aangeteken het teen die feit dat sy vorige vergaderings verbied is.**

Terwyl sowat 1,000 nieblankes en blankes toegeluister het, het hy uitgevaar teen die beleid van die regering wat hom verbied het om vergaderings toe te spreek. Baniere met slagkrete en die hamer en sekel daarop, is orals in die lug opgesteek.

Die Burger verklaar dat die vergadering waarskynlik nie verbied is nie omdat dit in mnr. Kahn se eie kiesafdeling gehou is. In die praktyk kom dit dus daarop neer dat die Kommunis verbied word om sy propaganda buite sy kiesafdeling voort te sit, maar in sy eie kiesafdeling voel die regering blykbaar magteloos om op te tree.

# VREES DAT AFRIKA 'N KOLONIE VAN INDIË SAL WORD

**Die moeilikheid tussen die Indiërs en naturelle in Durban het andermaal die lig laat val op die geweldige Indiër-indringing, nie net in Natal nie, maar langs die hele Ooskus van Afrika en ook in die binneland van Kenia, Tanganjika, Uganda — kortom in die hele gebied ten Suide van die ewenaar, wat die oorsaak is dat die naturelle, wat die eerste aanspraak het op die bekleding van poste in die onontwikkelde gebiede, tans deur die Indiërs verdring word.**

'n Engelse joernalis wat onlangs 'n reis deur al die gebiede onderneem het om vas te stel wat die toedrag van sake in die gebiede is, het tot die gevolgtrekking gekom dat die blankes besonder onthuts is oor die mate waarop die Indiërs 'n houvas op die gebiede gekry het. In Nairobi het hy gevind dat daar vier Indiërs is vir elke blanke en volgens hom meegedeel is, is dit die verhouding dwarsdeur die gebied.

**Regeringsamptenare ten noorde van die Unie met wie hy gesels het, meen dat die Unie die toon moet aangee om die indringing van Indiërs teen te gaan en dat daar onderlinge samewerking tussen die verskillende gebiede ten opsigte van hierdie vraag moet wees. Hulle moet onderling inligting en statistieke uitruil sodat daar presies vasgestel kan word wat te doen staan.** Ander voel dat die saak ook onder die aandag van die Britse regering gebring moet word, maar terselfdertyd is dit duidelik dat Brittanje nie nou uit sy pad sal gaan om teen Indiërs op te tree nie omdat hy wil verhoed dat Indië en Pakistan die Statebond verlaat.

### VERDRING NATURELLE

Die Indiërindringing is nie net 'n gevaar vir die blankes nie maar ook vir die naturelle. Dwarsdeur die gebied het die joernalis gevind dat betrekkings wat naturelle behoort te vul, in die hande van Indiërs is. Kan die naturel met die Indiër meeding? het hy gevra. Dit is slegs 'n kwessie dat die naturelle opgelei moet word en ondervinding moet opdoen, maar nou kry hulle nie die geleentheid daarvoor nie, is hom meegedeel. Al manier om die Indiërs uit te druk is om die naturelle op te lei sodat hulle die plek van die Indiërs kan inneem, is sy mening.

### OORLAS

Die blankes het geen agting vir die Indiërs nie omdat hulle, behalwe die feit dat hulle belasting betaal niks tot die vooruitgang van die land bydra nie en slegs op die arbeid van ander teer en geen ondernemingsgees aan die dag lê nie. Alles word net toegespits op winsbejag.

Talle naturelle is diep in die skuld by die ryk Indiërs wat grond besit en winkels het. 'n Regeringsamptenaar het verklaar: Ons wil nie 'n anti-Indiërbeleid formuleer nie, maar een van pro-Afrika, en dit is ten minste billik dat die naturel voorkeur moet kry bo die Indiër, wat 'n vreemdeling is.

### INDIESE KOLONIE

'n Ou grysaard het verklaar: In die tyd van my grootvader was die mense bekommerd oor die 'geel gevaar'. Maar daarvan het niks tereg gekom nie omdat Japan nie die oorwinning behaal het nie. **Maar die Asiatiese bedreiging is 'n groter werklikheid as die sogenaamde 'geel gevaar'. Tensy daar nou iets gedoen word, sal hierdie land teen die tyd dat ons kleinkinders groot is, 'n Indiese kolonie wees.**

Baie ander persone, skryf die joernalis, is hierdie mening toegedaan en meen dat daar sonder meer iets gedoen moet word as om net heeldag toesprake oor die Asiatiese gevaar te hou.

# Australië Wil Indiërs Uithou

**Australië moet 'n witmansland bly. Dit is die strekking van 'n toespraak wat die afgelope week deur die Australiese minister van immigrasie, Arthur Calwell, gehou is. So lank die Arbeidersparty aan bewind is, sal hulle op hul reg aandring om te bepaal watter mense die bevolking sal uitmaak, het hy gesê.**

„Die geskiedenis van Suid-Afrika, die Verenigde State en ander lande waar mense van verskillende rasse saam woon, kan hier herhaal word", het hy gesê.

Hy het daaraan toegevoeg dat die immigrasiewette van die land vir hersiening na die kabinet verwys sal word nadat die hooggeregshof sekere bepalings in verband met deportasies van sekere immigrante ongeldig verklaar het.

**Australië het deur ondervinding geleer dat 'n groep Asiate wat geregtig is op permanente verblyf in die land, gedurig druk uitoefen om hul familie en vriende daar te kry. Australië het ook geleer hoe vinnig die Asiate toeneem as daar nie voldoende immigrasiebeheer is nie, het hy gesê.**

# DR. MALAN NA LONDEN

**Ten einde samesprekings te voer met ander lede van die Britse Statebond, sal die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, teen die middel van aanstaande maand na Londen vertrek. Hy sal die konferensie van eerste ministers bywoon by watter geleentheid, ryksverdediging, bestryding van kommunisme en 'n nuwe formule vir verhoudings binne die statebond vermoedelik bespreek sal word. Voorlopig word die agenda streng geheim gehou.**

Die besluit om na Londen te gaan vloei voort uit 'n vertroulike konferensie tussen 'n persoonlike afgevaardigde van die Britse eerste minister en dr. Malan wat die afgelope maand in Kaapstad plaasgevind het. Hy sal vergesel word van mev. Malan en die nodige amptenare, en sal waarskynlik tien dae wegbly.

Mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, sal waarneem as Eerste Minister.

In amptelike regeringskringe in Londen en ook deur die pers is die besluit van dr. Malan om die statebondskonferensie by te woon, luid toegejuig. Attlee, die Britse eerste minister, het sy persoonlike blydskap uitgespreek.

# VRY HOSPITALE ALLIG VANJAAR

Die moontlikheid dat Kaapland nog vanjaar vrye hospitaaldienste sal geniet, is deur die Administrateur van Kaapland, mnr. J. G. Carinus in die vooruitsig gestel. Vrye geneeskundige diens sal ook aan meer mense beskikbaar gestel word. Dit sal waarskynlik na die tweede helfte van die jaar geskied en planne word tans beraam om alles so spoedig moontlik gereed te hê.

Die ordonnansie vir vrye hospitaaldienste in Kaapland is reeds in 1946 aangeneem maar het nog nooit ten volle in werking getree nie. Mnr. Carinus het in sy openingsrede sekere wysigings in die ordonnansie aangekondig ten opsigte van vrye geneeskundige dienste. Die wysigings sal later bespreek word. Die rede hiervoor is dat die medici nie hul weg oopsien om ten volle met die Administrasie saam te werk nie.

# Atoomgeheime Lek Uit In V.S.A.

Geheime agente van die Verenigde State en Meksiko is tans besig om beweerde lekplek van atoomgeheime te ondersoek. Beweer word dat minstens een stukkie verwerkte atoomuraan na Meksiko gesmokkel is.

Meksikaanse owerhede het 'n silindervormige stukkie uraan in die besit van 'n Meksikaan, wat weens 'n ander oortreding in hegtenis geneem is, gevind.

Daar word berig dat federale agente in die Verenigde State tans besig is om twee moontlike leidrade wat na die inhegtenisneming van die skuldige persone sal lei, te ondersoek.

Berigte is deur die polisie ontvang dat een voorgenome verkoper deur kopers gemartel is, en agente meen dat baie verkoopsaanbiedinge gemaak is, maar dat verkopers nooit in staat was om die goedere te lewer nie.

---

**'n Waarskuwing** aan boere teen hoë grondpryse word gerig deur die Landbank in sy jongste verslag. Verlede jaar het die staat £250,000 aan die bank toegeken vir lenings aan boere. Lenings word beperk tot £3,000 per boer.

# „Republiek Binne Paar Maande" Sê Indiese Leier

**Die Indiese regering is vasberade om hom te hou aan die besluit van die Kongresparty om Indië binne 'n paar maande in 'n onafhanklike republiek om te skep, het die Indiese eerste minister, Pandit Nehru, onlangs verklaar. Hy het ook verwys na Indië se toekomstige betrekkinge met die Britse statebond.**

Die besluit om Indië in 'n republiek om te skep, is verlede Desember geneem. Nehru het verklaar dat hoewel die uitroeping van 'n republiek 'n verandering in die huidige verhouding tussen Indië en die Britse Statebond sal veroorsaak, Indië nietemin die vrye samewerking met die onafhanklike lande van die Statebond vir die bevordering van die wêreldvrede sal verwelkom.

**Besonderhede is nie verstrek nie maar waarnemers meen dat Indië reeds 'n volledige plan opgestel het wat voorsiening maak vir die erkenning van die Britse koning as eerste burger van die Statebond, ten behoewe van wie die Indiese president in Indië sal optree.**

In sy kommentaar oor die Indiese voorneme, verklaar die Cape Argus dat die besluit van Indië 'n nuwe vraag na vore bring wat by die eerste en beste geleentheid deur die eerste ministers van die Statebond bespreek moet word. Die huidige verhouding tussen die lande van die Gemenebes, saamgebind deur Brittanje, is nuttig, maar dit blyk nie meer alleen genoeg te wees nie. Vir die nie-Britse lande binne die Statebond wie se tradisies nie gebaseer is op dié van die Weste nie sal ook 'n formule gevind moet word vir inskakeling. Die blad meen dat die Gemenebes nou 'n tweeledige vorm moet aanneem omdat die verhouding van Brits en nie-Brits grootliks verdwyn het, en dat die skeidslyn tans getrek moet word tussen Westers en nie-Westers. Langs die bond van Westerse lande moet daar ruimte wees vir Oosterse lande, om saam te werk, wat, hoewel hulle nie die tradisie van die Weste deel nie, nogtans beginsels het waarop almal saamstem.

# Verteenwoordigers Van „Arbeid"

Forward, die Arbeidersparty se amptelike orgaan, bevat die wenk na aanleiding van die feit dat die Arbeidersparty in die provinsiale verkiesing feitlik uitgewis is — dat die V.P. en H.N.P. moet saamsmelt sodat die geleentheid geskep kan word „vir 'n Arbeidersparty om te ontwikkel en sy regmatige plek te neem as die enigste en gesonde opposisie". Die huidige verdeling, so lui dit, is op rasselyne terwyl dit inderdaad op ekonomiese lyne behoort te wees. Die blad bevat dan die name en portrette van die enigste twee Arbeiderslede wat die paal in die verkiesing in Transvaal gehaal het, te wete **Richard Feldman en D. H. Epstein.**

Te oordeel na die vanne van die twee here, wil dit nie lyk of die verdeling in „arbeid" teen die res juis minder kunsmatig sal wees as die huidige nie!







DIE O.B., WOENSDAG, 30 MAART 1949

# DR. MALAN EN LONDEN

Die besluit van dr. Malan om persoonlik na Londen te gaan is in die Engelse pers sowel hier te lande as in Engeland hartlik toegejuig. Vir mense wat gevrees het dat die verandering van regering 'n verbreking van die Ryksbande in Suid-Afrika sou teweegbring, is dit begryplik dat hulle oor so 'n stap sal juig, te meer waar die neiging tot ontbinding van die Ryk pertinent deur die Londense konferensie onder oë geneem sal word. Van nasionale kant hoef daar nie sonder meer agterdog gekoester te word oor hierdie gejuig of selfs die feit van die teenwoordigheid van dr. Malan op die imperiale konferensie nie. Dit is nodig dat hierdie waarskuwing uitgespreek moet word, aangesien daar in die verlede, en selfs op hierdie tydstip, steeds agterdog gesaai is teenoor Afrikaners in die openbare lewe wat in die loop van hul pligsplegings in aanraking kom met mense buite die nasionale kring. Tot so 'n mate was dit die geval dat daar selfs kongresbesluite geneem was wat wou belet dat nasionale leiers na Engeland moet gaan. **So 'n houding is beslis 'n openbaring van minderwaardigheid. Waarom moet dit dan net altyd die Afrikaner wees wat „omgekonkel" sal word en nooit die ander man nie?**

## SKINDERVELDTOG

**Dit is dieselfde swakheid in ons volk wat deur sommige gewetenlose politici uitgebuit word om die leier van die O.B. te belaster. Afgesien van die feit dat dit 'n leuen is dat dr. Van Rensburg met genl. Smuts „geskakel" het, behoort enige regdenkende mens hom tog self af te vra, waarom dan juis die nasionale Afrikaner altyd die verraad moet pleeg indien hy met 'n politieke teenstander in aanraking kom? Waarom hoor 'n mens nooit die beskuldiging in die kamp van ons vyande nie?**

Die antwoord lê voor die hand: wantroue saai teen jou eie leidende figure is 'n te gevaarlike wapen om van gebruik te maak teen 'n mededinger in jou eie kring, **veral weens die demoraliserende uitwerking wat dit het op jou volgelinge. As jou mense eers geleer het om wantrouig te word teenoor hul leiers, watter hoop bly nog oor om hulle ooit in moeilike omstandighede uit te lei?** As in die Vryheidsoorlog, by voorbeeld, gedurig wantroue gesaai was teen die goeie bedoelings van offisiere, watter slag van betekenis kon dan ooit gewen gewees het? Dat hier en daar wel 'n offisier die vertroue misbruik het, weeg nog ver nie op teen wat wel bereik is deur die vertroue wat in leierskap gestel was of teen die skade wat veroorsaak kon gewees het indien sulke uitsonderings aangegryp sou gewees het om algemene wantroue teenoor offisiere te saai nie.

## O.B. WEIER

Dit is daarom dat die Ossewabrandwag die fluisterveldtogte teen vooraanstaande openbare figure so sterk veroordeel, en van sy kant weier om in enige omstandighede van dieselfde wapen gebruik te maak. Watter beter geleentheid, by voorbeeld, het die Ossewabrandwag gehad om 'n dergelike skinderveldtog van stapel te stuur teen dr. Malan toe laasgenoemde twee jaar gelede met die Britse koning agter geslote deure 'n lang onderhoud gehad het? 'n Mens wonder wat sou gebeur het indien dit dr. Van Rensburg was! Maar hoewel die Engelse pers groot berigte omtrent die ontmoeting geplaas het, het Die O.B. die nuus verswyg, en in geen opsig is dit ooit deur die leiers van die Ossewabrandwag misbruik teen dr. Malan nie. **Daarmee wil ons nie voorgee dat die O.B. soveel beter is as ander nie, maar wat ons wel te kenne wil gee is dat die O.B. baie deeglik bewus is van sy verantwoordelikheid teenoor die volk, en dat hy weet dat ons volk self skade sal ly en nêrens kan kom nie indien hy geleer word om sy leiers te wantrou.**

Waar dr. Malan dus Suid-Afrika gaan verteenwoordig op hierdie belangrike konferensie sal hy kan reken op die vertroue van die hele volk. **Hy mag teleurstel aan die verwagtings wat gekoester word; hy mag dinge doen waarmee ons nie sal saamstem nie, maar hy kan verseker wees dat, van O.B.-kant altans, geen beskuldiging teen hom ingebring sal word dat hy in Londen omgekoop is met sye kouse nie of wat ook al.**

# Sam Kahn

Toe die kommunistiese parlementslid 'n paar weke gelede 'n reeks vergaderings in Transvaal wou toespreek, het die Minister van Justisie ingegryp kragtens die Wet op Oproerige Byeenkomste en die vergaderings belet. Dit was die eerste waarneembare stappe wat die regering teen die Kommunistiese Party totsover geneem het, en ons het dit

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

verwelkom. Sedertdien is egter toegelaat dat die heer Kahn 'n vergadering op die Kaapstadse parade toespreek waarin hy voor meer as 1,000 toehoorders uitgevaar het teen die regering se verbod op sy vergaderings in die noorde.

**Ons besef die moeilikheid waarin die Minister van Justisie was. Hy het te doen met 'n verkose lid van die parlement en as sodanig kan hy nouliks belet dat hy 'n vergadering in sy eie kiesafdeling — die hele Wes-Kaapland — toespreek. Jy kan tog nie iemand in die parlement toelaat en hom dan verbied om sy kiesers toe te spreek nie!**

Maar dit is juis waarteen Die O.B. kort gelede gewaarsku het toe die regeringspers as beleid aangekondig het dat geen verbod op die Kommunistiese Party geplaas sal word nie en dat geen nuwe wetgewing teen kommunistiese bedrywighede ingedien sal word in die nabye toekoms nie. Ons het toe gevra hoe dit moontlik sal wees om kommunistiese propaganda teen te gaan solank 'n Kommunis toegelaat word om in die parlement te sit. **Solank hy daar sit, sal sy toesprake gepubliseer word, en sal hy ook die reg hê om buite die parlement toesprake te hou. Hierdie standpunt is nou bevestig. Die regering kon wel optree in Transvaal, maar in Wes-Kaapland het die heer Kahn die volste vryheid van optrede. In Transvaal word hy belet om kommuniste te maak; in Kaapland kan hy dit doen by die duisende.**

Maar is 'n kommunis in Transvaal nou soveel gevaarliker as in Kaapland?

Weens die gebrek aan 'n algemene verbod op kommunistiese bedrywighede is die kommunistiese L.V. toegelaat om vergaderings te belê in Transvaal. Eers nadat hy op die verhoog verskyn het in teenwoordigheid van honderde naturelle, het die gereg ingegryp en is die vergadering as 't ware opgebreek. **Dit spreek vanself dat die aanwesiges daar en dan meer veronreg gevoel het as wat die geval sou gewees het indien hulle na geen vergadering uitgenooi was nie. Al is die spreker belet om te praat, hy het wel daarin geslaag om 'n protes-betoging — al was dit vir die vergunde vyf of tien minute — in die publiek te hou.**

En toe, na 'n stuk of ses sulke protesbetogings, klim hy op die trein en kom hou 'n protesvergadering van 1,000 nie-blankes in Kaapstad teen die onderdrukking van sy vrye spraak!

**Ons meen dat die regering met sy verouderde gereedskap teen die rooi ondergrawing eerder meer olie op die water gooi as wanneer hy met nuwe maatreëls kom wat die apostels van hierdie geloof behoorlik in bande sal lê.**

# Staatsvoorskotte Om Getroudes Te Help

**In die artikel van verlede week is beklemtoon dat die staat en gesin medewerkers moet wees in die bou van die volk. Onder meer is die volgende aspekte beklemtoon: die gesin en grondbesit, kleding van die gesin en die plig van die staat. In hierdie artikel word die taak van die staat verder behandel en gewys hoe hy dit vir jong getroudes deur middel van rentelose huweliksvoorskotte moontlik kan maak om 'n gesin te bou.**

**Behalwe die reeds aangeduide pligte van die staat is daar egter nog 'n meer spesifieke beleidsrigting wat die staat met die oog op positiewe gesinsvorming kan inneem. Hier word kortliks daarop gelet.**

**'n Stelsel van rentelose huweliksvoorskotte wat binne 'n tydperk van sê 10 jaar terugbetaalbaar is, terwyl by die geboorte van elke kind een-kwart van die voorskot verval. Wanneer die minimum aantal kinders wat elke gesin behoort te hê, nl. vier, gebore is, word die huweliksvoorskot as 't ware 'n huweliksgeskenk van die staat. In verband met hierdie huweliksvoorskotte moet natuurlik welstandspeil, liggaamlike en geestelike geskiktheid vir die huwelik, e.d.m. in aanmerking geneem word.**

Dit is die bedoeling dat die egpaar deur die huweliksvoorskot in staat gestel sal word om meubels en ander huishoudelike benodigdhede te koop sodat hulle 'n eie huishouding aan die gang kan kry. Dit is dikwels die ekonomiese onvermoë om hierdie dinge aan te skaf wat die oorsaak van die uitstelling van die huwelik is.

### KRAAMDIENSTE

**Met die oog op die aanmoediging van gesinsvorming moet ook die moontlikheid gestel word van vrye kraamverpleging en vry mediese behandeling van die kind gedurende sy eerste lewensjaar.** Dit behoort nie alleen die gesinsvorming te bevorder nie, maar sal ook onteenseglik die volksgesondheid baat.

Ten slotte behoort in hierdie verband 'n stelsel van kindertoelaes in werking gestel te word. Hierby moet natuurlik die welstandspeil en kindertal in aanmerking geneem word.

Hierdie drie groepe van maatreëls (waarby nog ander gevoeg kan word) moet opgevat word as die geldelike bydrae van die staat tot die positiewe gesinsvorming, m.a.w. **staat en gesin word medewerkers in die skepping van 'n gesonde en getalsterke toekomstige bevolking.**

### VERHEWE

Daar is 'n verdere saak wat in hierdie verband beklemtoon moet word. In ons individualistiese, egoïstiese en liberalistiese samelewing het die wanbegrip van die moederskap ontstaan, nl. dat dit 'n las en 'n beslommernis is terwyl dit vir baie vernaam klink om skimpend en minagtend van 'n groot kindertal te praat. **Deur volksvoorligting moet die opvatting dat die moederskap die hoogste roeping van die vrou is, in ere herstel word. Daarby moet die vrou vir die behartiging van haar moederlike taak, meer daadwerklik vereer word deur haar volk. Dit sal vir elke vrou 'n bemoediging wees in die aanvaarding van die moederskap.**

'n Ander opvatting wat gevestig moet word, is dat kinders nie net kinders van die gesin is nie, maar ook kinders van die volk. Dit sal die moederskap as verhewe roeping midde in die volkslewe plaas en daardeur sal aan die moederskap 'n nog groter waarde geheg word.

Ten slotte moet nog nadruk daarop gelê word dat die volksorg toegespits moet wees op die gesinsorg, insluitende die kindersorg, jeugsorg, ens., en dat die maatskaplike werk nie belas moet word met werksaamhede wat nie daarby tuishoort nie. **Die gesinsorg is die KERN van die volksorg.**

---

**'n Komitee om die praktiese toepassing van tweetaligheid in die Spoorweë te ondersoek is deur die Minister van Vervoer aangestel.**

# Regering Sal Meerderheid Hê

Nadat hy uit die V.P.-koukus gesit is omdat hy nie saam met die party se naturellebeleid stem nie, het sen. J. M. van H. Brink, van Transvaal, verlede week sy bedanking as senator ingedien.

Hierdie verwikkelinge beteken dat die regering nou in Transvaal 'n nasionale senator kan kies omdat die kieskollege bestaande uit die volksraads- en provinsialeraadslede die V.P. in Transvaal kan oorstem.

Sodra die nuwe senator verkies word, sal die V.P. 21 lede in die senaat hê en die H.N.P.-A.P.-koalisie 23.

Uitstalling van Skilderye
*deur J. A. Smith*
word gehou in
DERRY
*SE KUNSSAAL*
Pleinstraat — Kaapstad
VAN 30 MAART TOT 14 APRIL

O.B. JAARGANGE
JAARGANGE 1946-1947 — JAARGANGE 1947-1948
Nou verkrygbaar teen £1/5/- elk
*VOORRAAD BEPERK*
BESTEL DUS DADELIK BY:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

# NOU TYD OM TE BESIN — SO NIE . . .

**„Transvaler" skryf:**

Nou dat die verkiesing veby is en alles weer sy normale gang kan gaan verrys die vraag onwillekeurig ook: Wat gaan die houding van die O.B. wees? Met die voorlopig skynbaar gunstige uitslag van die verkiesing vir die H.N.P. het die gedagte seker in meer as een hart gesmeul of almal nie nou maar die kragte agter daardie organisasie moet inwerp onder sekere aanneemlike voorwaardes vir almal met die oog op 'n algemene verkiesing ten einde 'n sterk regering daar te stel om die groot landsvraagstukke meer doeltreffend aan te pak. Sou dit nie bes wees dat die H.N.P. plek maak en 'n brug stel vir almal om op eerbare wyse toe te tree tot daardie geledere nie?

Wie in hierdie rigting mag gedink het en so hier en daar voelers in daardie koers uitgeskiet het, soos skrywer hiervan, het seker tot skokkende ontnugtering gekom. Ons vriende in die H.N.P. soos blyk o.a. uit 'n sportprent van die Transvaler van resente datum verkeer onder die indruk dat hulle op eie bene vinger alleen bereik het wat hulle behaal het, want die spotprent laat die kieser dr. Malan gelukwens met die uitslag en dan kom die byskrif: Tenspyte van heftige teëstand van alle kante het die H.N.P. die prestasie van 26 Mei herhaal. Ons kan die vriende verseker dat baie O.B.'s en A.P.'s gaan stem het nie vir die H.N.P. in die eerste plek nie maar wel teen die Smutsbewind. Goed bestudeer moes die uitslag van die verkiesing vir die H.N.P. 'n vingerwysing gewees het om van die absolute noodsaaklikheid van samewerking onder nasionaalgesindes te oortuig. Wil die H.N.P. verseker dat die Smutsbewind nie by 'n volgende algemene verkiesing herstel word nie, dan is nou die tyd om samesnoering van kragte te verseker. Later as elkeen eers weer sy organisasie opgeknap het en koers gevat het dan mag dit te laat wees. Valse berigte oor bedankings uit die O.B. te Franschhoek en die Paarl soos onlangs in die Transvaler gepubliseer wat herinner aan 'n vroeër gebesigde taktiek is seker nie bereken om sulke samewerking in die hand te werk nie.

Indien die H.N.P. vir wie daar tans 'n gulde en unieke geleentheid is om nasionaalgesinde volkselemente saam te snoer nie sy kans waarneem nie en met die druk wil voortgaan soos Rehabeam van ouds uit die Bybelgeskiedenis dan moet hulle nie verbaas wees nie as onder die geledere van die O.B. en A.P. die kreet spoedig sal aangehef word: „Na julle tente o Israel!"

Trouens m.i. het die O.B. hom al te dikwels in die verlede deur die Partyverkiesings in die war laat bring en telkens het hulle weer gestaan en rondmaal eer hulle weer koers gevat het. Dit spreek wel boekdele vir die begeerte in die hart van die O.B. tot volkseenheid of liewer nasionaalvoelende Afrikanereenheid, maar deur te weifel laat ons die ideaal telkens verder van verwesenliking dryf. Dit skyn of ons vriende elders te veel teer op ons goeie gesindheid en volkstrou. Dit word tyd dat tot die O.B. die roepstem kom soos tot Moses van ouds voor die Rooisee: „Wat roep jy tot My? Sê vir die volk dat hulle voorttrek." Ons in die O.B. het lank genoeg gehoop, gewag, gebid en toegeeflikheid aan die dag gelê.

Laat ons die organisasie opknap en voorwaarts stry vir God, volk en land.

## Drankvraagstuk Ook Uit Party-Arena

**Nog 'n vraagstuk is deur 'n kabinetsminister uit die arena van die partypolitiek gelig, nl. die bestryding van drankmisbruik.**

Die volksraad het voorverlede week veel aandag aan die hersiening van die Drankwet bestee. By hierdie geleentheid het die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, verklaar dat hy sekere stellinge oor hierdie netelige vraagstuk wil maak. **Die eerste is dat die Drankwet van 1928 hersien moet word. Tweedens is die aangeleentheid nie 'n partypolitieke saak nie en spr. sal dit buite die partypolitiek behandel. Die derde stelling is dat drankmisbruik toegeneem het onder jong mense en vroue.**

In sy kommentaar oor die besprekings skryf Die Volksblad dat die raad hierdie debat dan ook gevoer het volgens die stelling van die Minister.

Onlangs het dr. Malan gepleit dat die naturellevraagstuk bokant die partypolitiek opgelos moet word. Daarna het min. Swart gevra dat die bestryding van die kommunisme ook as sodanig beskou moet word. Hierdie week het hy ook van die drankeuwel 'n volksaak gemaak.

Dit wil voorkom asof die besef by die kabinet toeneem dat die partypolitiek dit onmoontlik maak om probleme op te los.

## VERSTAAN NOG NIKS

**„Anti-partypolitiek", Beaufort-Wes, skryf:**

Ek lees in die O.B. van 16/3/49 in 'n brief van mnr. G. J. Burger, dat volgens O.B.-propaganda, moet „Kaffer, Moor, Indiaan, Kommunis ens. ens.," een Volkseenheid uitmaak.

Foeitog! Hy verstaan nou nog niks van die O.B.-sake nie! En dan praat hy ook van die „party" wat ons sou wees.

Ons hang nie die Partystelsel aan nie! Ons wou die enigste wapen wat tot ons beskikking was (hoe sleg ookal) gebruik tot verwesenliking van die partylose staat. Ons is ook geen party nie, maar lede van die O.B. het by die Afrikanerparty aangesluit, omdat die H.N.P. hulle deure vir ons gesluit het; om sodoende ons stem uit te bring!

Maar nou ná julle inmenging in sake wat die Afrikanerparty alleen aangaan, nl. die benoeming van hulle eie kandidate, waardeur julle ook ons stemme verbeur het, nou huil julle, en sê ons dien twee here.

Wat betref die diening van twee here! Die H.N.P. wil 'n republiek hê (wat nou in die yskas is) en apartheid, en daarvoor moet die kleurling en Jode (Kommuniste) hulle kruisies trek. En wie was die Opposisieleier wat tydens die besoek van die Britse koning, saam met veldmaarskalk Smuts sy glasie geledig het „To Our King?" Wie dien nou twee here?

Hoe kan julle nou roep Republiek! Republiek! (wat verkry moet word deur Jode- en kleurlingstemme) en met dieselfde asem mede-Afrikaners uitskel

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

vir Smuts-aanhangers en Nazis? Inderdaad is dit in u party waar „die lig donkerheid is."

Die Bybel praat niks van die Brits-parlementêre partystelsel nie; u slaan dus die bal mis.

Die Woord leer ons egter dat „die huis wat in homself verdeeld is nie kan bestaan nie." Enige huis? Wat dan van julle Praathuis of Parlementshuis.

Om nou tot die benaming van u skrywe in die O.B. van 16/3/49 te kom. Daar was tog geen partystelsel in die Boere-Republieke nie, nie waar nie, mnr. Burger?

Van die „os" op die „esel": Wie is nou bestand teen kritiek van buite? Die O.B. wat u mening en kritiek op ons publiseer, of Die Burger, wat nie ons kritiek op die H.N.P. toelaat nie

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

## SY FOUT

**Mnr. G. H. de W. Ballot, Wynberg, Harrismith, skryf:**

Na aanleiding van mnr. Burger se opinie dat die O.B. nou twee „here" dien wil ek net graag aan die geagte korrespondent sê dat die H.N. Party en ook die ander partye maar bloot net 'n middel is om die volk te dien. Die partye is nie 'n einddoel op hulle self nie. Die volk se belange is die einddoel. Die O.B. maak dus maar net gebruik van die Afrikanerparty as 'n middel om die volk te dien. Die O.B. dien die volk en geen partye nie.

As mnr. Burger die partye in hulle regte verband sien, sal daar vir hom ook meer lig wees, en miskien sal hy dan self die O.B. ook in die regte lig sien. Dusver is die O.B. vir hom nog skynbaar baie duister en in donkerte gehul soos blyk uit sy bewerings oor O.B.-propaganda aangaande, Kaffer, Moor Indiaan ens.

## Strenger Toepassing Nodig

Ten einde te verhoed dat volksraadslede die Reglement van Orde omseil soos streng toegepas deur die Speaker waardeur hulle nie meer tussenwerpsels mag maak nie, het die Speaker nou beslis dat lede moet opstaan as hulle 'n lid met 'n vraag in die rede wil val.

Dit het geblyk dat lede nog die bepaling dat geen tussenwerpsels gemaak mag word, omseil deurdat die Speaker hulle toegelaat het om 'n spreker in die rede te val deur 'n vraag te stel.

Om seker te maak dat dit 'n vraag is wat met erns gestel word, sal lede voortaan moet opstaan as hulle 'n spreker in die rede wil val.

Die Speaker het ook sy waarskuwing herhaal dat hy die reël dat lede mekaar nie aanstootlike opmerkings mag toeslinger nie, streng sal toepas.

# PUBLIEK GESKOK IN PARLEMENT Sê KOERANT

**Mense wat 'n hoë agting vir die parlement het en dit vir die eerste keer besoek, keer dikwels met 'n minder hoë dunk van die volksraad terug as wat hulle daarheen gegaan het omdat sekere dinge wat daar plaasvind, skokkend is en hulle nie verwag het om so iets in die hoogste raadsaal van die land aan te tref nie.**

'n Paar dae gelede moes die Speaker sy voet baie hard neersit toe hy lede belet het om in die toekoms met onsinnige tussenwerpsels die raad om te skep in 'n basaar. Lede wat voorheen van die rumoerigste was, bly nou liefs buite omdat die volksraad vir hulle nie meer afleiding bied nie.

Na aanleiding van die optrede van die Speaker, skryf die Cape Times: **„Behalwe die Speaker, word die algemene publiek meer en meer krities oor die maniere — of liewer gebrek daaraan — in die parlement.**

**„ ,Wat moet ons moeders dink?' het een van hulle gister aan my gevra. ,Ek sal nooit 'n kind van my soontoe neem nie', het sy nadruklik verklaar.**

**„Sy het gekla omdat lede met hulle hele lengte uitgestrek op die banke lê, oor hulle onbeskoftheid teenoor mekaar, en die algemene gees van onverantwoordelikheid.**

„ ,Hulle is geen voorbeeld om aan kinders voor te hou nie', het sy gesê, ,en myne sal sekerlik nie toegelaat word om te sien hoe hierdie mense, wat veronderstel is om ons meerderes te wees, hulself gedra nie'."

## Koffiefontein Aan Die Woel

Ooreenkomstig besluit begin die kommando van Koffiefontein daadwerklik optree. Die eerste huisgeselligheid het Saterdag, 19 Maart, plaasgevind ten huise van mnr. en mev. T. F. Theron. Die ongunstige weer het egter 'n groot opkoms in die wiele gery, maar dit het nie verhinder dat die aanwesiges baie gesellig saam verkeer het nie. Die opoffering, selfs van nie-lede, word hoog waardeer. Mev. Du Plessis veral verdien groot lof vir die onvermoeide ywer wat sy aan die dag gelê het, daar sy nie lid is van die Beweging nie. Sy het die geselskap opgehelder met mooi musiek op haar trekklavier. Die sang van die kinders onder haar begeleiding sowel as die van haar dogter Yvonne het groot byval gevind.

By wyse van 'n silwerkollekte kon die kommando die eerste steentjie vir hul O.B.-fonds vir 8 Augustus neerlê.

Mev. T. Immelman het die aanwesiges daar en daar genooi vir die volgende byeenkoms wat by haar huis gehou sal word, sodra sy die datum kan vasstel.

Pragtig het mev. Du Plessis hierop gereageer deur te onderneem dat sy 'n kinderkoor sal organiseer vir daardie geleentheid.—(Ingestuur).

**Daar is tans 5,220 geneeshere** in die Unie geregistreer in vergelyking met 2,609 gedurende 1934. Die geregistreerde tandartse tel tans 854 in vergelyking met 715 in 1934. Die getal mediese studente in Suid-Afrika beloop nou 2,000.


K95



*ná die*

*SKEER . .*

Hou daardie fris gevoel na die skeer langer— bring K.W.V.-Eau de Cologne aan sodra u geskeer het. Dit is uitstekend vir gevoelige velle, en u sal hou van sy verfrissende prikkeling !

KWV

*Eau de Cologne*

PRODUK VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders : H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.

*Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk.

MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

,EPOL'

IS NOU DIE ALGEMEEN ERKENDE BOBAAS VAN

GEBALANSEERDE RANTSOENE

VIR PLUIMVEE, VEE EN VARKE

*Vervaardig deur*

VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD. MAITLAND K.P.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

### BENODIG

**VOORMAN:** Dadelik 'n aktiewe voorman met ondervinding van algemene boerdery op Karroo-plaas. Kennis van skape eerste vereiste. Meld ouderdom, ondervinding en salaris verlang. **A. Viljoen,** Bloemhof **Richmond, K.P.**
23/3/3.

### ALGEMEEN

**AANDAG!** Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage.
Adresseer u produkte B/UTH en wees verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — **N. S. Bellingan.**
9/3/49 TK

### BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.
T.K.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**Vars goewerments gesertifiseerde groentesaad:** Chantenay wortels, 6/6; Detroit beet, 5/6; Egiptiese plat beet, 7/6; Greenfeast saaderte, 1/- lb., £6/10/- 200 lb. sak; Copper King (laat harde uiesoort), 10/- lb.; Vroeë Kaapse plat, 9/-. Handelsnavrae verwelkom.— **Kango Saadkwekers,** Posbus 107 **Oudtshoorn.**
16/3/TK

**Vars, gesertifiseerde** Australiese Bruin en Vroeë Kaapse Plat Uiesaad, 9/6; Silver King-uiesaad, 9/6; Chantenay-wortelsaad, 10/-; Detroit-beet, 5/6, per pond posvry. — **Premiers,** P.K. Schoemanshoek.
T.K.

### MEDISYNE

**GRYSHAARWONDER** laat u jonk lyk. Hou u hare fris, gesond, natuurlik en vry van skilfers. Geen kleurstof. Gewaarborg of geld terug. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg.
(Nr. 2) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad.
3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TE KOOP

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers, 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman,** Robertson.
TK/30/3

Uitgesoekte **HOUTSPARRE (Wattel)** (v.o.s. Carolina, 1 dm. punt x 4 vt. £4 per 1,000. Navrae vir omheiningspale en lang sparre welkom. — **W. L. van Rooyen,** Carolina, Transvaal.
16/3/3B

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson.
24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson.
24/11/TK

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P.
18/8/T.K.

### RADIOTRONICS

**(A. Perold en P. Brink)**

Vir herstel en koop van

**ELEKTRIESE APPARAAT**

(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)

**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

### VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**P A R O W**

## *Hervormingstaak*

(Vervolg van bls. 7 kol 5)

daar geen rede is om te meen dat ons nasie slegter is as ander bloot omdat ons verdeeld is nie; **„inteendeel, noem my een nasie op wat vir so 'n lang tyd hulle besig gehou het met die Britse verdeel en heerspolitieke partystelsel en nie nog meer verdeeld was nie."** As voorbeeld kan genoem word die Duitse, Italiaanse, Portugese en nog talle ander nasies wat voordat hulle die partystelsel oorboord gegooi het nog meer verdeeld was, en dan moet nie vergeet word nie dat hierdie nasies hul volwasse stadium beleef terwyl die Afrikanernasie in sy vormingstydperk is te midde van al die verskillende idiologiese rigtings.

Dit sal moeilik gaan om enige ander vraagstuk op te los solank die volk verdeeld is, maar dit is heeltemal onmoontlik om rassevraagstukke en allermins die swart vraagstuk op te los voordat daar minstens blanke samewerking is.

### POPULÊRE KREET

Daarom het die O.B. van die begin af 'n beleid neergelê wat bedoel was om die verdeeldheid te beëindig. Maar volkseenheid het so 'n populêre kreet geword dat sprekers van alle organisasies, selfs politieke partye, begin het om eenheid te verkondig.

Sommige van die mense wat eenheid gepreek het, het dit nie eerlik bedoel nie. As egter eers vasgestel word wie belang het by volkseenheid en wie by volksverbrokkeling, weet mens sommer dadelik wie bedoel dit eerlik.

Genl. Gouws het aangetoon dat die Ossewabrandwag as volksbeweging, gebore uit die 1938-eenheid van die Afrikaner, sekerlik alle belang het by volkseenheid. Daarom dan ook dat die O.B. so konsekwent omtrent sy eenheidsbeginsel was en is. Partye, soos ons dit ken, kan daarenteen nie meer bestaan as die volksverdeeldheid beëindig word nie. Dit kom daarop neer dat as politieke partye die eenheid wat hulle verkondig verwesenlik, dan hou hulle outomaties op om te bestaan as partye. As partye dus praat van volkseenheid dan is dit niks minder as huigelary nie, want hul grondwet eis minstens twee partye — 'n regering en opposisie.

### VIR EENHEID

Genl. Gouws het vervolgens 'n opsomming gegee van die gebeurtenisse vanaf 1943 en aangetoon dat die O.B., getrou aan sy ideaal van volkseenheid, van elke verkiesing gebruik gemaak het om samewerking te bewerkstellig **of minstens die**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**volk se oë te vestig op die verbrokkelingselement,** maar dat die O.B. elke keer gebots het met die onverbiddelike trou van die partye aan dit wat hulle bestaan regverdig, naamlik volksverbrokkeling wat inhou uitsluiting van mede-Afrikaners.

Genl. Gouws het verder die skeuring van 1941 behandel, wat gepaard gegaan het met skinderstories, bitterheid en onwaarhede. Dieselfde elemente het 'n klein rukkie eerder toegesak op die grootste nasionale gestalte van die Afrikaner in hierdie eeu — wyle genl. Hertzog, en binne enkele maande moes hy wyk uit die Suid-Afrikaanse politiek en 'n rukkie later verdwyn in 'n miskien ontydige graf. **Die feit dat hierdie selfde magte met nog 'n paar bondgenote vir die laaste 7 jaar met perkelose bitterheid teen die K.G. woed en nou na 7 jaar met hernude velheid hervat hêt is genoegsame bewys dat Hans van Rensburg nie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gekom het om daaruit geskinner te word nie,** het genl. Gouws gesê.

# ‚Politici Bou Skinder En Verdagmaak Uit Tot Stelsel'

**Die haatlike gewoonte van sommige partyhandlangers om wanneer hulle teen politieke andersdenkendes optree, nie te skroom om van agterdog en vindingryke leuens gebruik te maak om die opponent plat te druk nie, word in baie sterk taal afgekeur deur Die Vaderland, mondstuk van mnr. Havenga, na aanleiding van gebeure tydens die provinsiale verkiesing. Die blad beskryf dit as 'n kanker in ons volkslewe.**

Die blad verklaar dat die verkiesing verskynsels aan die lig laat tree het wat enige regdenkende mens moet ontstem. Na verlede jaar is verwag dat ons politieke lewe nou stadigaan sal loswikkel uit die gewoonte om andersdenkendes met agterdog in diskrediet te bring. „Ons staan egter teleurgestel. Dit wil voorkom asof ons nog nie daardie ontwikkelingspeil bereik het wat mense in staat stel om hul geskilpunte buitekant die slykpoel van beswaddering te besleg nie. **Want die politieke slangmens was weer bedrywig. Skinderstories is losgelaat wat nie alleen die wêreld vol gerank het nie, maar opnuut toon watter vindingryke, werklustige, ambisieuse en dikwels skouspelagtige leuenaar die agterklapper is. Ons het telkemale versteld gestaan oor die stories oor agtenswaardige persoonlikhede wat deur skinderaars in die ore van argeloses geblaas is om hulle gesigsveld te verduister en hulle oordeelsvermoë te benewel.**

### OOK DIE DOOIES

„Selfs die dooies is in hulle graf nie met rus gelaat nie. So het ons 'n brief van 'n bekommerde leser ontvang dat die weersinwekkende leuen in sy omgewing versprei is dat genl. Hertzog in 1939 'n twee-derdemeerderheid in die Parlement gehad het, maar dat hy die bewind aan genl. Smuts oorgegee het sodat die land in die oorlog gesleep kon word! Op die geheue van die massa word geteer om daaruit partypolitieke munt te slaan. **En dit wil vir ons voorkom of die versterking van hierdie onbegrip en die aankweek van wantroue deur sommige partyhandlangers tot 'n stelsel uitgebou word.**
sê.

„Dis tyd dat ons tot die noodsaaklikheid van groter beheersing in ons onderlinge verhoudings en in die publieke lewe ontwaak, anders gaan hierdie kankergewas ons volksliggaam siel en vesel vernietig."

Ons het beslis behoefte aan groter opregtheid in die benadering van ons onderlinge meningsverskille, verklaar die blad ten slotte.

# JODE LÊ STELLING NEER TEN OPSIGTE VAN „STEMPLIG"

**„Dit is vir die Nasionale Party in Transvaal om hierdie teenstrydige posisie te verwyder. Wanneer hy dit doen sal die laaste skeiding tussen die Nasionaliste en Jode neergetrek wees. Totdat hulle dit doen, eis waardigheid en selfrespek dat ons op 'n afstand bly," verklaar die hoofrabbyn van die Jode, prof. L. I. Rabinowitz, in 'n Joodse blad na aanleiding van die verhouding tussen die H.N.P. en die Jode.**

Die rabbyn verklaar dat die meeste Jode in Transvaal woon en dat dit juis die party in hierdie provinsie is wat die lidmaatskap vir Jode gesluit het, net omdat hulle Jode is. (In Kaapland en O.V.S. mag hulle lede word.—Red.)

**„Geen Jood met 'n greintjie selfrespek — hoewel daar, helaas, sommige is wat hierdie greintjie kortkom — kan enigsins assosieer met 'n politieke party wat in duidelike en uitdruklike taal verklaar dat hy ongewens is", word verklaar.**

Stemreg beteken die vryheid om 'n mens se politieke verbintenisse te kies, en vir sover die politieke indeling in hierdie land gesien word as 'n stryd tussen twee opponerende partye, het die Jood, weens sy uitsluiting van die een party, nie daardie vryheid nie, word betoog.

### GEEN STEUN SONDER REGTE

„Die vraagstuk is een vir die Nasionaliste, en nie vir die Jode nie, om te beantwoord. **Ons kan nie daarvan beskuldig word dat ons die Verenigde Party steun wanneer die teenparty sy deure vir ons sluit nie, en elke gedagte dat steun gegee moet word aan 'n party wat die moontlikheid van ons lidmaatskap verwerp, is 'n volstrekte verloëning van die wese van demokratiese prosedure."**

Dit is vir die H.N.P. in Transvaal om hierdie teenstrydigheid uit die weg te ruim. Wanneer dit gedoen is sal alle skeidsmure tussen die Nasionaliste en Jode neergetrek wees, aldus die Joodse geleerde.

**As dit nie was vir die lidmaatskap wat die Jode wel in Kaapland en die Vrystaat ten opsigte van die H.N.P. reeds geniet nie, kon mens amper sê: watter hoop het hulle, die droë hout, as dit met die groen O.B.-hout gebeur?**

## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,
Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..........................

vir die eerste..........................maande.

NAAM: ..........................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................................................
..........................................................
..........................................................
..........................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.**
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

# O.B.-BELEID VAT POS IN WYER KRINGE

**'n Suggestie dat die tyd aangebreek het om 'n verandering teweeg te bring wat plaaslike regering betref, is deur die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, gemaak toe hy die jaarlikse kongres van die Vereniging van Munisipale Bestuur toegespreek het. Hy het gesê dat die vorm van plaaslike besture soos dit vandag bestaan, nie meer bevrediging gee nie.**

Daar is sekere fundamentele probleme wat plaaslike owerhede in die gesig moet kyk. Hiervan is finansies een van die grootste. Die pligte van plaaslike besture word steeds wyer, nuwe eise word aan hulle gestel en die verhouding tussen die sentrale en provinsiale regerings word al ingewikkelder. Vanselfsprekend word die noodsaaklikheid vir beraadslaging en gesamentlike vertoë dus meer dringend.

In verband met die geldelike sake van plaaslike owerhede is daar 'n neiging om al meer en meer na die sentrale regering op te sien. Elke pennie regeringsgeld ondermyn egter selfbestuur. **Ek wil u herinner aan die toestand in die buiteland waar die regering twee-derde van die hulp verleen, maar ook net soveel beheer vra,** het spr. gesê.

Wat ookal die vorm van plaaslike bestuur moet wees, dit moet homself voor die openbare mening regverdig.

### ONTGROEI

In sy kommentaar oor die gebreke van die stelsel, skryf Die Burger:

„Die onbevredigende verskynsels spruit tot 'n groot hoogte voort uit die feit dat die saak sy bestuurders ontgroei het. Kaapstad se begroting is die helfte van dié van Kaapland, en Johannesburg bestee, na ons meen, byna net soveel as Kaapland; en albei stede word bestuur deur manne wat nie alte veel tyd aan stadsake kan afstaan en ook nie almal besondere kennis van, en aanleg vir die werk het nie."

### O.B.-BELEID

## STELSEL VAN STADSBESTUUR ONHOUDBAAR

Op hierdie onbevredigende toestand het die Ossewabrandwag al herhaaldelik gewys. Om die gebreke uit die weg te ruim, sê die Ossewabrandwag, „dat hy 'n eenheidstaat nastreef waarin daar wel stadsbesture sal wees — net soos elke besigheid sy eie bestuur moet hê, maar waarin daardie bestuur ondergeskik aan en ingeskakel gaan wees by die sentrale landsbestuur. Want volksbeleid gaan voor stadsbeleid en ook voor provinsiale beleid en die hele volk moet die dinge verantwoord en nie net 'n paar vreemdelinge in die stadsraad wat môre of oormôre al in die vergetelheid raak nie." — (aangehaal uit die O.B.-beleid.)

# HET NOOIT KON DINK DAAR WAS SOVEEL!

BLOEMFONTEIN.—Ons hoor skielik weer van massa-bedankings uit die O.B. die afgelope paar weke in die H.N.P.-pers. So groot is hulle blydskap dat daar nog massa-mense uit die organisasie „bedank" wat, volgens dieselfde koerante, lankal nie meer bestaan nie, dat Die Volksblad die berig onder drie kolom-opskrif op die voorblad plaas. **Mens sou waarlik vra of daar nog al die tyd darem 21 O.B.'s in Vredefort was. Ons het altyd geweet dat daar baie meer as 21 was, maar ons was self verras om skielik weer te hoor dat hierdie 21 wat nou „bedank" het, nog lede van ons organisasie was.** Ons het hulle lankal weens die slappe houding wat hulle openbaar het, vergeet in ons kommandobedrywighede. Die meeste van hulle het vir meer as drie jaar nie meer ledegeld betaal nie, dog nou vind hulle dit nodig om te „bedank"!

Wat die gewese hoofkommandant betref: Die feit dat hy self erken dat sy generaal hom in die pad gesteek het, verg seker geen verdere kommentaar nie.—(KOR.)

# Hervormingstaak Van O.B. Word Al Dringender

**'n Reeks goed bygewoonde vergaderings deur generaalskap A17 in Noordwes-Kaapland is van 2 tot 7 Maart gehou deur genl. J. H. Gouws van Groblershoop. Buchuberg, Groblershoop, Wegdraai, Karos en Grootdrink is besoek. Nadat die generaal die O.B. se standpunt in verband met die verkiesing behandel het, en in dié verband gesê het dat die O.B. van elkeen verwag om ooreenkomstig sy oortuiging omtrent wat in belang van die volk is, te handel, het hy die toekomstaak van die Ossewabrandwag behandel.**

Hy het daarop gewys dat die O.B. se taak vir die toekoms, en selfs in die onmiddellike toekoms, meer en meer 'n hervormingstaak geword het. Op die



Genl. J. H. Gouws.

oomblik is al die skouspel op die parlementêre, dit wil sê partypolitieke terrein, toegespits, maar binnekort sal die skouspelagtigheid weer verskuif na die terrein van die O.B. **Spreker bedoel daarby dat die dag vinnig nader wanneer die magteloosheid van die partystelsel om ons dreigende probleme op te los so nakend ontbloot sal word dat die hele volk sal begin roep na hervorming; dan sal niemand meer twyfel aan die taak van 'n hervormingsbeweging soos die O.B. nie.**

Genl. Gouws het kortliks die aandag gevestig op al die euwels van die huidige partystelsel wat hervorming nodig het, en onder byvalsbetuiging verklaar dat as daar enige hoop is op redding vir die Afrikanernasie dan lê dit sonder twyfel in die hervormingsgedagtes en ideale wat die Ossewabrandwag nastreef.

### VERDEELDHEID

Baie mense is moedeloos oor die verdeeldheid van die Afrikanernasie en verklaar dat daar geen hoop is vir 'n volkie wat so twis nie. Spreker meen dat

(Vervolg op bladsy 6 kol. 2)


# ASOKOR BEPERK

*Gemagtigde Kapitaal £1,000,000*

**Nou slegs nog 190,000 aandele van £1 elk beskikbaar vir toekenning**

*Verklaarde Diwidende:*

**1945 — 6 persent 1947 — 7 persent**
**1946 — 6 ,, 1948 — 7 ,,**

**ASOKOR-aandele bied veilige en voordelige beleggingsmoontlikhede. Omset vir die afgelope ses maande het £2,000,000 oortref. Die Maatskappy bemoei hom slegs met die bemarking, bewerking en verspreiding van lewensnoodsaaklikhede. Toekomstige aandeel-uitgifte sal ongetwyfeld teen 'n hoë premium aangebied word.**

**Skryf om volle besonderhede, prospektus, ens. aan:**

**Die Sekretaris,**
**Asokor Beperk,**
**Posbus 402,**
**BLOEMFONTEIN.**

# Drie Organisasies Gee Hul Standpunt

**Gedurende die afgelope paar weke was die land en die koerante vol gerugte en bespiegelinge oor moontlike verwikkelinge wat in die politiek sou plaasvind. Beriggewers en koerante wat sensasie jag het hulle lesers aanhoudend geprikkel met 'n onbekende maar belangrike „iets" wat gaan gebeur.**

Die Afrikanerparty was weereens, soos na die algemene verkiesing, die brandpunt van populêre belangstelling — wat veral toegespits was (1) op die party se toekomstige verhoudings met die H.N.P. en (2) op die party se standpunt ten aansien van die grondwet. Sommige koerante het totaal ongegronde en wilde spekulasies oor hierdie twee kwessies gemaak. Daar is selfs beweer dat die H.N.P. en die A.P. gaan „amalgameer"; en dat die A.P. die Hertzog-standpunt oor grondwettelike sake oorboord gaan gooi.

Die verklarings namens die Dagbestuur van die Afrikanerparty wat deur die Uniale voorsitter en die hoofsekretaris uitgereik is, het hopelik al die wilde stories die nek ingeslaan. Dit is nou weer duidelik gemaak dat die A.P. bereid bly om saam te werk, egter met behoud van sy identiteit, m.a.w. daar is nie sprake van amalgamasie nie; dat die party in al die provinsies erken wil wees; **en dat die Party al sy lede as bondgenote aanvaar wil hê, m.a.w. geen diskriminasie teen A.P.-lede sal gedoog word nie.** Voorts is nogeens herhaal dat die A.P. die Hertzog-beleid voortsit — wat immers insluit die handhawing van die grondwettelike standpunt van die Generaal. As verder gelet word (1) op die uitnodiging aan alle Suid-Afrikaners „wat die fundamentele beginsels van Hertzog deurslaggewend in die landsbeleid wil maak" om by die A.P. aan te sluit; en (2) op die oproep tot kragdadige uitbouing van die organisasie, dan ly dit geen twyfel dat die A.P. op die mars is na 'n klare bestemming nie.

### O.B.-VERKLARING

Na die verkiesing (Die O.B., 23 Maart) het dr. Hans van Rensburg vir die soveelste keer die goeie trou van die O.B. teenoor die nasionaalgeorienteerde partye beklemtoon en spesifiek verklaar „dat die O.B. geen verlangens of ambisies op die partypolitieke terrein koester nie". Hierdie terrein, sê hy, laat die O.B. oor aan die nasionaalgeorienteerde partye. Trouens die O.B. as Volksbeweging gaan voort met sy eie onafhanklike taak. **Met hierdie verklaring het dr. Van Rensburg opnuut aangetoon dat die samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. glad nie geraak hoef te word deur die lidmaatskap van O.B.-lede aan die A.P. nie.**

Anders as die A.P. en die O.B. het die H.N.P. nog nie 'n woord gerep oor die party se toekomstige verhoudings tot ander nasionale organisasies nie. Dit is bekend dat die H.N.P.-leiers 'n klinkende verkiesingsoorwinning verwag het

**POLITIEK IN OËNSKOU**
**DEUR 'N MEDEWERKER**

en dat hulle planne heeltemal in die war gestuur is toe dit nie gebeur het nie. Blykbaar het hulle nog nie nuwe planne beraam nie.

Die A.P. het gepraat; die O.B. het gepraat; dit is nou die H.N.P. se beurt om te praat.

### SAMEWERKING

Sal die H.N.P. voortaan die A.P. in al die provinsies — ook die Vrystaat — erken? Sal die H.N.P. in die toekoms elke lid van die A.P. as volwaardige bondgenoot aanvaar? Sal die H.N.P., by die bepaling van die landsbeleid, rekening hou met die beginselstandpunt van die A.P.? **As die H.N.P. bevestigend op hierdie drie vrae wil antwoord dan kan daar die hartlikste samewerking tussen die H.N.P., die A.P., en die O.B. bewerkstellig word.** Aangesien die hele volk samewerking begeer is dit die H.N.P. se plig om sy swye te verbreek en te antwoord op hierdie vrae.

### SUIDWES SE ANTWOORD

**Die Nasionale Party van Suidwes het reeds geantwoord op een van hierdie vrae.** In 'n verklaring wat deur die voorsitter, dr. H. J. Steyn, en die sekretaris, mnr. A. H. du Plessis, uitgereik is, word verklaar dat die Party nie teen lede van die Ossewabrandwag sal diskrimineer nie en dat 'n O.B.-lid „nie uitgesluit sal word van enige koukus waaraan sy kollegas mag deelneem nie".

Hierdie nuwe beleid van die Nasionale Party van Suidwes beteken dat indien een van die Party se O.B.-lede verkies word tot volksraadslid vir Suidwes sodanige O.B.-lid saam met sy kollegas in die H.N.P.-koukussitting sal moet neem — of anders sal sy kollegas ook nie in die H.N.P.-koukus sit nie. **En as 'n O.B.-lid in die H.N.P.-koukus mag sit, waarom sal die H.N.P.-leiers dan volhard in hul weiering om 'n A.P.-kandidaat te ondersteun net omdat hy lid van die O.B. is?**

(Vervolg in kolom 5)

# Vrees Russiese Krag Ter See

**In die Britse hoërhuis sowel as in die laerhuis is daar die afgelope week waarskuwings en vrees uitgespreek dat Rusland binnekort opnuut sal toeslaan op die Balkan en die Midde-Ooste. Hierdie waarskuwings, waaraan Britse kabinetslede deelgeneem het, het saamgeval met soortgelyke uitlatings deur die Amerikaanse minister van buitelandse sake.**

Onder die sprekers was Hector McNeil wat gesê het dat die stryd teen die rooi rebelle in Griekeland nie gestaak moet word nie. 'n Konserwatiewe lid, MacMillan, het verklaar dat Rusland besig is om 'n staatsgreep te beplan wat Tito uit die pad moet stoot en wat tegelyk ook die Russiese planne in Griekeland tot uitvoer moet bring. Hy het gesê dat die Amerikaanse en Britse regering gesamentlik waarskuwings aan Rusland moet rig dat hy verantwoordelik gehou sal word vir die Bulgaarse inmenging in Griekse sake. Vrees is ook uitgespreek dat as die gesamentlike besetting van Duitsland beëindig word die Kommuniste met behulp van hul handlangers hul greep op die Rühr sal versterk.

### VRA KOALISIE


**In die hoërhuis het lord Cork verklaar dat die Atlantiese verbond Rusland mag aanspoor om tot oorlog oor te gaan en dat die tyd nou aangebreek het om 'n koalisie-regering te vorm ten einde 'n versameling van die beste breinkrag te kry wat die Russiese planne moet teenstaan. Al die partye moet daaraan deelneem.**

Lord Winster, voormalige minister van lugvaart, het verwys na die Russiese vloot en gesê dat sy grootste moontlikheid in sy duikbote geleë is.

### ROOI VLOOT

**Rusland, wat voor die oorlog sewende op die lys gestaan het wat vlootsterkte betref, staan vandag derde op die lys met slegs Brittanje en Amerika voor hom. Sedert die einde van die oorlog het die Russe geen tyd verloor om 'n vloot op te bou nie, maar hulle het ook grootliks gebaat deur die Duitse duikbote en ander Duitse skepe wat deur Brittanje en V.S.A. aan hulle gegee is. Onder die bote is onder meer die Graaff Zeppelin wat nou onder die hamer en die sekel vaar. Daarby het Rusland beslag gelê op baie van die half-voltooide Duitse bote, veral duikbote wat insluit moderne en rewolusionêre tipes. Ook Italiaanse skepe is aan die Russe geskenk.**

**Op die oomblik werk die Russe ook aan 'n vyfjaarplan wat sowat 1,000 duikbote teen 1950 moet lewer. Dit is bekend dat Rusland tans oor sowat 300 duikbote beskik.**




## NUWE SOORT MOTORENJIN

**'n Gasturbine-enjin vir motors wat 'n hele omwenteling teweeg kan bring is kort gelede op 'n tentoonstelling in Engeland uitgestal. Dit is die kleinste turbine wat nog ooit gemaak is en dit kan ingebou word in 'n gewone kleinerige motorkar. Dit beskik oor 160 werklike perdekrag. In teenstelling met petrolenjins het dit geen silinders, vonkproppe, verkoeler of koppelaar nie. Dit werk met ru-olie.**

# 1,000 Miljoen Mense Meer Oor 50 Jaar

**Teen die jaar 2,000 sal die aarde dalk 'n duisendmiljoen meer mense dra as vandag, volgens berekening deur die Amerikaanse departement van buitelandse sake.**

Dudley Kirk, van die departement se inligtingsdiens oor internasionale ontwikkeling, het hierdie moontlikheid in die vooruitsig gestel toe hy 'n konferensie toegespreek het oor bevolkingsneigings en die moderne gesin.

'n Vermeerdering van eenduisendmiljoen sal feitlik op 'n toename van 50 persent neerkom aangesien die huidige wêreldbevolking 2,300,000,000 is. Sedert 1910 het die mensdom toegeneem met 700,000,000.

Volgens Kirk is een-vyfde van die wêreld besig om sy bevolkingsyfer konstant te handhaaf. Hieronder val die V.S.A., Wes-Europa en die Engelssprekende Britse vrygeweste.

'n Ander vyfde van die wêreld het eers snel vermenigvuldig, maar die geboorte- en sterftesyfers neig om af te neem. Hieronder val die Sowjet-lande, Oos-Europa, Japan en die Latyn-Amerikaanse lande.

Die ander drie-vyfdes van die wêreld, waaronder Sjina, die tropiese gebied van Amerika en Afrika, het geweldige moontliklikhede vir bevolkingsgroei, maar die sterftesyfer is nog baie hoog.

# Aanklaer Van Unie Gestrand In Engeland

Die Indiër-kommunis, dr. Y. Dadoo, wat tans in Londen is en 'n tyd gelede sonder paspoort na Europa vertrek het, sal geen paspoort van die Unie-regering ontvang, indien hy nou daarvoor aansoek doen nie.

Dadoo het onlangs in Londen te kenne gegee dat hy in Suid-Afrika by die Unie-regering sal aansoek doen om 'n paspoort sodat hy na Suid-Afrika kan terugkeer, aangesien hy daarsonder heelwat moeilikheid ondervind.

Die houding van die Unie-regering is dat aangesien hy kans gesien het om sonder 'n paspoort te vertrek om Suid-Afrika in die buiteland te beskinder, hy ook sonder een kan terugkeer . . . . as hy dit kan regkry.

# Griekeland Gaan Weg Van Sjina Op, Vrees Waarnemers

**Berigte uit Griekeland dui daarop dat dieselfde lot wat Sjina die afgelope maande getref het, ook tans die lot van Griekeland word omdat die Amerikaanse en Britse hulp, net soos in Sjina te halfhartig en ontoereikend is om die Kommunistiese guerillas wat aansienlike steun geniet, uit die land te verdryf.**

**Die Kommuniste het nou daartoe oorgegaan om die administrasie van die gebiede wat hulle beset het ten volle te vestig en eenhede in die verskillende gebiede te stasioneer. Dit lui, volgens buitelandse waarnemers, 'n nuwe fase van die stryd in.**

Volgens Atheense koerante het die Amerikaanse leër groot hoeveelhede krygstuig aan die Griekse regering oorgemaak. Dit sluit onder meer 140 vliegtuie, 3,790 gewere en 'n groot hoeveelheid mortiere en ander wapens in. Die Griekse regering skyn egter nie sterk genoeg te wees om die stryd te wen nie.

Die Britse minister van verdediging het die laerhuis aan die begin van die maand meegedeel dat die Britse sending in Griekeland £2,690,000 gespandeer het. **Hy moes egter toegee dat hierdie inmenging teen kommunisme net so onsuksesvol was as in die geval van Sjina.**

Waarnemers meen dat indien Griekeland nog vir die Weste gered wil word, daar 'n drastiese verandering in die huidige beleid nodig is. In hierdie verband het dr. Evatt, voorsitter van die V.V.O., verklaar: **Die grootste nood van Griekeland is tans die behoefte aan 'n nuwe regering wat in staat sal wees ekonomiese en sosiale hervormings teweeg te bring.**

# SAL NOU TEEN KOMMUNISME OPTREE

**Die tyd dat Kommunistiese propaganda in hierdie land voortgesit kan word en die regering niks daaraan doen nie, is nou eenmaal verby, het die Eerste Minister Vrydag in die volksraad verklaar. Die regering is van voorneme om op te tree.**

**Terwyl hy hierdie woorde uitgespreek het, het die Kommunistiese L.V., Kahn, selftevrede gesit en glimlag.**

(Vervolg van kolom 3)

### WAAROM NIE?

**As die A.P. in die Unie die goeie trou van O.B.-lede kan aanvaar en nie teen hulle diskrimineer nie; en as die Nasionale Party van Suidwes ewe-eens die goeie trou van O.B.-lede kan aanvaar en ook nie teen hulle diskrimineer nie; wat verhoed dan die H.N.P. van die Unie om ewe-eens die goeie trou van O.B.-lede te aanvaar en om op te hou om teen hulle te diskrimineer?** Waarom weier die H.N.P. in die Unie om die duisende O.B.-lede as bondgenote te aanvaar in die stryd vir die behoud van blank S.A.?

Die H.N.P. sal op hierdie vrae moet antwoord. Die Party se leiers durf die vrae nie ontwyk nie.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.